For years I have dreamed of J-Bay, its winding, sandy beaches and impossibly long, tubing rights. I have pictured myself countless times on any one of those screaming walls pasted neatly on numerous magazine pages. Now, I hoped, the dream would become a reality. The problem was that I shared that dream with a few others – a few thousand others. On entering J-Bay my fears were confirmed. Only once we had passed the main road was it possible to orientate ourselves.

Living in the green demon for the next few days I was witness to the many faces of Jeffreys Bay. Now all we needed were waves. But the rocky point of dreams held out on us. Not even the awesome sunsets that caused the sky to explode in an array of colours, could settle our hunger for surf. The punker and I started chirping each other about who had the foulest body odour, or who snored the most and, had it not been for the Game-Boy stored under the seat of the demon, I think I would have gone crazy. We decided to leave the following day and found a parking lot for the night.

In the morning we made our way to the beach. There was not even a hint of swell. After various explicit words were traded off in English and some newly acquired French, we decided to waste our last day in Jeffreys Bay. Later, with the van packed with enough polony and rolls to last us a week, we took to the road once more. 'Just one last look!' the punker shouted out of a mouth stuffed pink with polony. The Frenchman mumbled in his limited Afrikaans, something that rhymed with mousse. I swung a hard right towards the beach.

At first we thought the head high sets were an illusion, brought on by frustration and a bad diet. After the next one came in we didn't need any more convincing. Suited up and running frantically towards the water, I couldn't believe it was all happening. After my first wave, I was filled with holy reverence. Some things just defy description, and a good wave at the world's best right is one of them.

Devon Light (Form IV)

Through the dreaded gate

THE SKY WAS DEEP BLUE with not a cloud in sight. The sun was beating down on the cricket pitch; there were seven overs to go, forty runs to win and a wicket in hand. A hint of uneasiness was in the air; both teams were playing their last game of the season and it was vital to end on a winning note. I was nervously sitting in the shade on a rusty-green metallic stand waiting for my turn to bat. It had been an eternity since I last faced a ball in a cricket game and I was unsportingly hoping that one of my teammates would be bowled, caught, struck by lightning – anything as long as I could have my moment in the sun. As the bowler let fly another vicious delivery, I looked up and saw a leg stump catapult out of the ground.

Finally my chance had come, my turn to single-handedly win the game and engrave my performance in the memory of every living being watching the game. I strode to the pitch, a cloud of anxiety surrounding me, my hands sweating furiously. My unfortunate teammate said something as he passed by. I heard nothing, engrossed as I was in a torrent of imaginings. I stepped up to the wicket, made my mark in line with the middle stump, raked away the sand debris in the crease and wiped the beads of sweat from my brow. I then settled into my stance, took a look around the field before turning my head to stare down the pitch to where the bowler had begun his run-up.

He started slowly and then came at me, faster and faster. He released the missile-like ball. I watched the cherry-red orb with its white and brown seam race towards me. I stepped forward, took a huge swing and felt a rush of air around me. I saw the ball go through the dreaded gate, the last few inches before it crashed into my middle stump with a deafening crack. Up popped the bails like champagne corks, and there lay the broken middle stump in the long green grass.

George Mathew (Form IV)

World That Cries

I saw nothing but debris
and a nation mourning.
I felt a sense of unsafety
and a terrible loss of life.

The WTC was crumbling
A gigantic structure falling
to ground-zero
Many families now have only memories.

And the sight
of a broken nation
Struggling to recover

Sean Shiels (Form II)

The widow

I see you, woman –
the thin patchwork wrinkles under your dark eyes,
the dry tears,
the pain that is like an invisible sheath over your face, the
poverty of your simple house.

I see your joys, woman –
the hopes of your children,
the love of your people,
your happiness in giving,
your love of this country.

I see you woman,
who stand at the back of the queue in the Department of
Home Affairs –
your frustration,
your ignorance;
I see that you are here to get a death certificate for your
late husband.

David Smith (Form IV)

Grootword is nie maklik nie

ANDERS AS WAT MENSE SOU DINK, is grootword nie altyd maklik nie. Eerstens moet ons altyd probeer om by die mode aan te pas ... die mode wat elke flippen maand verander! Ons moet altyd probeer inpas, probeer 'cool' wees. Vir sommiges van ons word dit vreeslik belangrik om te rook, selfs dwelms te gebruik. Dis nie altyd maklik om nee te sê vir al die dwelms as jou vriende dit gebruik nie en jou 'chicken' noem as jy nie mans genoeg is om te probeer nie.

En dan die hormone! Wanneer jy hare op snaakse plekke kry en jou stem diep word; wanneer meisies nie meer 'jiggie' is nie en ewe skielik heel skaflik begin lyk dis dan wanneer die swaarkry begin. Nou moet jy jousef skielik gedra voor die teenoorgestelde geslag. Jou mond word skielik styf en droog as jy in 'n meisie se geselskap kom; jou bene word lam en jy stotter wanneer jy probeer praat. Snags lê jy in jou bed en dink net aan een ding ...

Jy begin ook om 'nee' te sê vir jou ouers ... en dit veroorsaak heelwat bakleiery in die huis. Na 'n ruk wil jy nie eers meer met jou ouers praat nie. Hulle verstaan tog niks nie. Jy voel alleen en kwaad. Al waarvoor ouers nou goed is, is om jou rond te ry, sakgeld te gee en jou maag vol te hou.

Die eerste keer wat jy dronk word, voel jy soos 'n ware man. Vir die eerste keer suip jy net om dronk te word en omdat jy nie mag nie, om te rebelleer. Na 'n ruk vind jy uit dat alkohol vir lekker kuier en lekker voel is; dit smaak interessant en maak jou tong los voor die meisies.

Die moeilikste van alles, is dat jy groot besluite moet begin neem. Wat gaan jy eendag met jou lewe doen? Wie is jy regtig? Om dit alles uit te vind, verg baie energie ... Wie het gesê dis maklik om groot te word?

G Liebenberg (Vorm III)

yes, but is it art yes, but is it art
yes, byes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is
it art yes, but is it art yes, but is



Jozua Loots

Vroegoggend op die strand

DIS NOG DONKER wanneer my wekker skril in my ore gil. Ek gryp my kamera, verkyker, driepoot, die lot. 'n Ysige briesie sny soos 'n vlymskerp lem deur my baadjie wanneer ek met my fiets teen die bult af snel.

Die strand is nog leeg en koud, net die branders knars teen die stokou skeepswrak 'n entjie van die rotse af. Ek gooi my fiets neer, vat al my gereedskap en klim die duin uit. Die sand knaag onder my voete en die skulpskerfies kielie my voetsole. Wanneer ek bo kom, stel ek my driepoot stewig in die sand op.

Die seesoutreuk hang met die geur van vreemde speserye in die lug. Die lens is opgestel en ek wag ...

Dit begin soos 'n rooierige skynsel op die horison. Die rooi-pienk skakerings verkleur die waterpoeletjies tussen die rotse. Op die strand spoel wit skuim oor oranje-rooi sandpatrone.

Dan steek hy sy blink kop agter die golwe uit. Ek spring op, my vinger op die kamera se skakelaar. Die goue, amber strale van die son skitter op die water. Stadig rys die bal al hoër en hoër ... todat dit net-net bokant die swart horisonstreep hang – 'n 'deurskyndruppel vuur' (soos die digter gesê het).

'Kliek' - die perfekte foto!

Jozua Loots (Vorm III)

Die Rooftog

'Onse Vader,
wat in die hemel is,
laat U naam geheilig word;
laat U koninkryk kom;
laat U wil geskied;
soos in die hemel, so ook op die aarde,' fluister die gemeente asof hulle in 'n droomtoestand is.

Die aarde soos die hemel?

Die woorde vloei deur my gedagtes, eggo deur my hele wese terwyl ons in die winkelsentrum rondloop. Ek word koud by die gedagte dat die aarde soos die hemel moet wees.

Die deurdringende reuk van motorrook kruip deur my neus en brand vas in my longe. My tong spring om die peperment wat ek nonchalant in my mond druk. Die winkelsentrum se ligte raak verlore in die grys mistigheid van die nag.

'Brendon, jou telefoon lui, antwoord die ding!.'

Brendon staar vir 'n oomblik na die selfoon. Dan antwoord hy.

'Haai, Ma, ons is hier.'

Sy woorde word skielik onderbreek deur die gekrap van 'n hees stem. 'n Growwe hand kry my leerkraag beet en trek my terug asof ek 'n hond aan 'n ketting is.

Ek probeer om my balans te hou. Dan voel ek 'n skerp voorwerp hard teen my rug steek. Ek probeer my mond oopmaak, maar my lippe is droog, so asof ek so pas 'n marathon gehardloop het. Die vrees word 'n kankeragtige klont in my keel wat my asem afsluit. Ek kyk na Brendon. Hy het ook 'n silwer mes teen sy keel.

'Gee my jou baadjie! Gee my jou foon! Gee my alles wat jy het!'

Hy vat alles by my en druk die harde voorwerp dieper in my rug in, so al asof hy wil sê dat hy steeds in beheer is. Brendon is net so hulpeloos. Ons is nou ook slagoffers. Hy stoot ons by die deur uit, in die donker steeg af.

'en vergewe ons ons sondes
soos ons dié vergewe wat ons seermaak ...'

Ryan Wiesner (Vorm IV)

Vandag

Vandag het ek die dood oorwin en 'n held geword.

Vandag het ek van 'n struikelblok 'n geleentheid gemaak.

Vandag het ek haar liefde verower.

Vandag het ek haar lojaliteit beleef.

Vandag het ek geleer hoe om te lewe.

Vandag het ek 'n leeftyd in 'n dag belewe.

Vandag het ek gelewe asof ek môre sou sterwe.

Vandag kan ek maar sterf -
want vandag het sy gesê
sy is lief vir my!

Jean Janse van Rensburg (Vorm IV)



Dis 'n wêreld om oor te lag en te huil

DIE GESEGDE DAT AS JY HUIL, jy alleen huil, en as jy lag, die wêreld saam met jou lag, is duidelik deur iemand geformuleer wat nie in ons alledaagse wêreld gewoon het nie. Dit is wonderlik waar en opbouend en motiverend as daarna gekyk word deur 'n idealistiese oogpunt.

Kyk 'n mens eger na hierdie stelling vanuit 'n meer realistiese hoek, sal jy onmiddellik agterkom dat die persoon wat hierdie soetsappigheid uitgedink het, geensins aan die mensdom waarin ons van dag tot dag lewe, gedink het nie. In die werklike lewe sal die hele wêreld eerder vir jou lag wanneer jy huil en dink dat jy van lotjie getik is as jy lag!

Dis om van depressief te raak. Ons wêreld gee ons baie meer rede om te huil as wat dit ons lagspiere prikkel. Veronderstel jou emosies verteenwoordig 'n rugbywedstryd. Span A se name is Simpatie, Troos, Liefde en Ondersteuning. Span B bestaan uit Jaloesie, Naywer, Gewelddadigheid, Haat en ander soortgelyke trawante.

Die skeidsregter in bogenoemde wedstryd is gewone Gesonde Verstand. Teen die aanslag van Span B se ondermynende taktiek, het die skeidregter nie veel kans nie. As ons na die aantal verkragtings, moorde, bedrieërye en agterbakse gekonkel kyk, is dit duidelik dat lang trane ons voorland is. Die enigste sneesdoekie om ons trane mee af te vee en ons neusies mee te snuit in hierdie onregverdige wedstryd, is ons Sin vir Humor. Of humor spesifiek aangewend word of spontaan gebeur, dit verseker dat 'n moedelose samelewing weer hulle sokkies optrek en vorentoe gaan op die lewenspad.

Ek is van mening dat die lewensuitkyk wat ons as inwoners van hierdie wêreld het, perfek opgesom word deur 'n Kaapstadse visserman. Dié brandarm, dog jolige kêrel het na 'n besoek aan sy bankbestuurder die volgende te sê gehad: 'Ek is tog so lief vir my bank! In dié sware tye het hulle my weer op my voete geplaas. Hulle het my so pas van my fiets onteien!'

Voorwaar, dit IS 'n wêreld om oor te lag en te huil.

Pieter Marais (Vorm V)

Dit is my plek

MY PLEK BESTAAN al vandat ek gebore is en sal by my bly tot ek die dag doodgaan. Dit sal saam met my sterwe. My hele lewe word in my plek gestoor, terwyl ek terselfdertyd vanuit my plek lewe.

Net ek alleen kan my plek betree. Ander kan by my kom hoor wat daar aangaan, maar hulle kan nie self daar insien nie. My plek gaan oral saam met my en ek kan enige tyd by my eie plek ingaan sonder dat iemand anders dit agterkom.

As ek inspirasie nodig het, is my plek die naaste en die beste plek om op te soek. Daar is geen tekort aan verbeelding nie. My plek is vol oorspronklike idees en planne. In my plek kan ek probleme oplos, sodat ek die wêreld om my beter kan verstaan.

Sonder foto's en dagboekinskrywings word my herinneringe hier gebêre, waar niemand dit kan steel of afloer nie. Dit is 'n veilige stoorplek vir die gedagtes wat ek wil bewaar: my eerste soen, die matriekafskeid, kreeftrek in Hermanus en die dag toe my hond my lewe gered het. Daar kan ek ook my planne vir die toekoms deeglik uitdink.

Voordat ek besluite neem, moet ek eers na my plek toe gaan en vir 'n paar oomblikke in stilte daar wegkruip. Daar kan ek goed en kwaad teen mekaar opweeg. In hierdie plek van my kan woeste storms losbars terwyl ek wik en weeg. In hierdie plek ontplof soms 'n oorlog as ek teen versoekings moet veg. Dan moet ek die stryd aanknoop om die verlokking te weerstaan en die regte besluite te neem.

Soos alle ander plekke, moet my plek ook skoongehou word, en net ek kan dit doen. Om te keer dat allerhande euwels inkom, moet ek alles deeglik sif voordat ek dit in my plek toelaat. Ek wil geen geweld, wellus of vuil taal in my plek toelaat nie; dus moet ek sulke dinge vermy.

My plek is klein en kan nie gesien word nie. Ek dra hierdie kosbare plek in my kop rond. Ander noem dit my gees, my siel of verstand ... maar ek noem dit my plek.

André Cilliers (Vorm V)

My family sits at the breakfast table and eats, savoring familiar smells of fresh coffee and burnt toast. I push the door back to the events of the day before. I push the door, still not repaired. He is sitting, still and silent, surrounded by comic sound effects and flashing brainwashing. He did not show up for movies last night; all of it is so strange. Tiny white pills cover the floor surrounding him. I look at him again, more carefully this time. His head hangs limply over the side of his chair. I step closer. It is frozen into an expression of pain and terror, his face a startling white colour and his lips an eerie blue. I stand in front of him. It is a sickening sight. I cannot move. Through the smell of pills and stale air, comes the smell of toast. Sheldon Trinder (Form IV) Morpheus after a dream of profound beauty. The sun appeared for the first time in a greyness left the earth and everything was covered in a light that seemed almost magical. The colours of everything were in a different manner. Every bush and plant radiate

ilent and machine-like in their actions. The
vaft into my nostrils and send me spiralling
or with all my strength. It opens reluctantly,
t, in front of the television, which is blaring
ictures of cartoon characters. I am upset; he
are annoyed with him. I notice something
nding his armchair, like grains of sand. I look
d leans over to the one side and his right arm
refully around the chair and examine his face.
or; his eyes bulge out of their sockets. His face is
ue. An empty pill bottle lies on the floor in
ve or talk or breathe or scream or run. Then,
he smell of his last meal - old coffee and burnt
r the rain. It WAS A GREY DAY, but it was a day
rst time at about sunset, and suddenly the
ed in a fantastically soft and warm light
ry single object seemed to come out in a surre-
d warmth, and as I looked at our far-

Die Pruik

AS 'N MENS DIE WOORD 'uitvinding' hoor, dink die meeste van ons aan groot idees soos motors, televisies, rekenaars en selfs die internet.

Vir my is dit anders. Ek dink aan al die manne wat geen hare het nie. Dan dink ek aan die blink idee wat iemand eenkeer in die verre verlede gehad het : die pruik - kunsmatige hare aanmekaar vasgewerk wat op jou kop gedra word om die min of geen hare weg te steek! Brilliant!

Nou kan al die ou vrygeselle sonder hare wat nog 'n vrou wil beïndruk, uitgaan sonder skaamte en bewonder word vir hulle dik boskasies.

Elke aand as hulle uitgaan, kan hulle verskillende style dra, ook 'n ander kleur as gister. Hulle hoef ook nooit weer na 'n haarkapper toe te gaan nie. As een van die pruike vuil raak, sit hulle dit maar net in die wasmasjien ... en as een oud raak, koop hulle maar net weer 'n nuwe een.

Die pruik is seker een van die bedagsaamste uitvindings van alle tye.

Geoffrey Chapman (Vorm III)



My Karretjie

Soos ek hier in my karretjie ry
gaan ons by soveel interessante plekke verby.
Ek voel hoe die wind deur my hare waai,
want ons ry vinnig om 'n baie skerp draai.

Ek hou daarvan om langs die see te stop,
dan hou ons die water baie fyn dop
en kyk versigtig of ons walvisse en dolfyne kan sien,
terwyl die karretjie rus na sy duisend myl maal tien.

My karretjie laat my nooit in die steek
en die enjin het nog glad nie gebreek;
my karretjie is getrou en lojaal
en vir my sommer baie spesiaal.

Lieb van Jaarsveld (Vorm II)

My Droommotor

My motor is die kleur van room
en bestaan op die oomblik net in my droom.

Die plan is om hard te werk
om so my droomwerklikheid te versterk.

Net die beste sal aan my eise voldoen,
al moet ek die verkoopsman oopmond soen!

My motor is net al te pragtig.
Hy is blitsvinnig en opdraandkragtig.

Die ergste is, hoe meer jy versnel,
hoe nader kom jy aan die hel.

My vriendekring sal sekerlik vergroot,
al moet hulle af en toe die motortjie stoot.

Al is die brandstofpryse nou baie duur,
gee die motortjie my myle se plesier.

Los my nou in my fantasieboom
sodat ek verder van my motor kan droom.

Greg Forrest (Vorm II)

Vorm III gedigte na aanleiding van die Verhaal van die Verlore Seun
I

Ek wil opstaan

Ek wil opstaan
Ek wil teruggaan
Ek wil ophou bewe

Ek wil weer normaal lewe
Weg van die rotte
En die donker vuil grotte ...

Hiervoor is ek moeg, moeg, moeg
maar,
is ek mans genoeg?

Ek was te haastig, te vinnig om te gaan,
en nou –
nou slaap ek buite
onder die maan.

Dis nou tyd:
Ek sal opstaan

Ek sal huis toe gaan.

Ryan Burns (Vorm III)

II

Nog steeds 'n kind

My klere is nat en vuil
Al wat ek wil doen is huil ...
Hier sit ek in die winterwind -
na alles ...
nog steeds net 'n kind.

Ek vra net 'n bietjie brood
daarsonder voel ek moeg en
half dood.
Mense sê ek is 'n dief -
het iemand my nog lief?

Ek verlang so na Pa en Ma,
om weer skoon, warm klere te dra.
Ek is te moeg om te gaan slaap
onder die yskoue maan.
Dis nou tyd:
Ek wil nou huis toe gaan ...
Ek sal opstaan

A. Melck (Vorm III)

III

Pa

Pa, ek wil jou sien
ek wil jou omhels
en vir jou sê ek is lief vir jou ...

Pa,
ek weet jy is ook lief vir my
so lief
dat ek in die môre kan opstaan
en weet
jy is lief vir my

Ek is gelukkigste man in die wêreld
met 'n pa
soos
jy.

Kush Padia (Vorm III)

IV

Die vlieë is orals

Die vlieë is orals
op my bene
arms
Ek is vuil
siek
en naer in my siel
Ek is honger

maar kan net varkkos eet.
Ek is dors
maar om my is daar net dik, dik

modder
Wat is ek?
Wie is ek?

Is ek ook 'n vark?

A. Berndt (Vorm III)

Ter herinnering aan die Anglo-Boere-oorlog

I

Die graf

DIT REËN. Dit reën ook in sy hart. Daar is niemand
by hom nie. Al sou dit nie gereën het nie, sou daar
in elk geval niemand gekom het nie. Die onewe
grond waarop hy staan, verraai die plek waar die kis onder
die grond lê, 'n klein, kort kissie. Al wat hy hoor, is die ges-
pat van die water op die modder om hom.

Die weer dreun. Die man val vooroor en sy trane meng
met die water op die graf, die graf van sy seun.

Dit was 'n glorieryke oorlog; 'n regverdige oorlog teen
oppressie en tirannie, 'n oorlog vir vryheid en onafhank-
likheid. Ons het God op ons skouers gedra, geglo Hy is aan
ons kant. Ons kon eers nie wag om te gaan veg nie ... en
toe kon ons nie wag om weer huis toe te kom nie.

Nou, na maande in ballingskap, is alles in ruïnes. Die
huise is afgebrand, die vrouens en kinders weggevat. Al wat
hier voor hom lê, is leë verlatenheid. Sy vrou is dood in die
krygsgevangenekamp; sy seun, siek en swak is in sy arms dood.

Hy staan op en vee sy gesig af. Dit reën nog, net sagter.
Hy wonder of die Engelse families nie ook graftes van hulle
eie het nie. Kan hy sy lewe teen die van 'n Engelse kind
opweeg? Dis soos 'n som wat regverdig is ... maar tog maak
die uitslag geen sin nie.

Hy stap weg, die grys mistigheid in.
Alleen.

K. Tee (Vorm III)

II

Die Soldaat

DIE WEERMAGTROK kom met skreeuende remme
tot stilstand. Die jongman spring van die voertuig af
met 'n bruin rugsak oor sy skouers en wuif met een
songebrande hand die bestuurder toe voordat hy vinnig in
die plaaspaadjie af draf na die ou plaashuis in die verte.

Weerligstrale skryf hiërogliewe teen die donkerblou
hemel. Die wind ruk parmantig aan die sifdeur van die kom-
bus. Dis hier waar hy sy ma wil verras waar sy soos gewoon-
lik voor die stoof staan met haar bont voorskoot aan. Hy
steek vas in die deur, want daar staan 'n vreemde, jong vrou
met haar rug na hom toe voor die wasbak.

Sy trek haar asem vinnig in van skok toe sy hom gewaar,

maar dadelik verander die vraagtekens in haar oë na uitroepetekens as sy hom herken. Met een tree is sy by hom en omhels hom.

Hy kan dit nie glo nie. Dit is sy klein sustertjie wat nou 'n mooi jong vrou is. Hulle huil en lag tegelyk totdat sy hom by die kombuistafel laat sit en hom die hartseer verhaal vertel.

Sy ma, wat al die jare niks van hom gehoor het nie, is een stormagtige nag van 'n gebroke hart oorlede. Sy swak pa het haar gou gevog.

Die volgende oggend staan die twee voor die twee grafte. Die eerste strale van die oggendson blink op die dounat gras om hulle. Die dankbaarheid oorweldig hom. Hulle wat hier begrawe lê, het deur hulle gebede gesorg dat hy veilig tuis is. Hy is gespaar om weer sy voete op sy geboortegrond te sit; die rooibruin grond wat hy gaan omskep in landerye vir sy nageslag.

B. Viljoen (Vorm III)



J de Wet (Form IV)

Schule ohne Mädchen

NACH DREI MONATEN SCHULERFAHRUNG in Deutschland, freue ich mich wieder zurück zu sein in Boys High, denn hier brauche ich nicht jeden Morgen überlegen was ich zur Schule anziehen soll; ich greife bloß zur Schuluniform. Statt Turnhalle-Disziplin, kann ich wieder im Freien herum rennen und schwimmen. Doch, die größte Erleichterung: ich bin die Mädchen los! Ich brauche mir nicht mehr ihr unsinniges Quatschen und Kichern anzuhören und kann mich endlich wieder auf mein Studium konzentrieren. Ohne Mädchen in der Schule, kann ich tun und sagen was ich will. Ich brauche nicht zweimal zu überlegen was die Mädchen wohl dazu meinen würden. Nur ein Problem hab' ich doch jetzt: was mach' ich bloß zum Matrikantz?

André Cilliers (Form V)

Der Angler am Meer

Hier stehe ich, ganz allein
und schaue übers Meer.

Die Sonne ist grad aufgegangen —
ich seh' den hellen Kern:

Rot wie Blut; jedoch helle
steigt sie in den Himmelraum.

Das Wasser unten, dunkelblau —
die Wellen schwarz mit weissem Schaum.

Wasser, Wasser weit und breit
und tief unten, große Fische;
doch, die Angel bleibt stets leer —
'drum ist Anglers Leben schwer.

Herman van Rooyen (Form IV)

Sonnenaufgang auf der Wildfarm

NACH LANGER WANDERUNG, bin ich endlich mal wieder heimgekehrt zur Wildfarm, wo ich mich erholen kann. In alle Herrgotts Frühe bin ich heute aufgestanden und sitze jetzt hoch oben in meinem beliebten Baum, sodass ich den Sonnenaufgang mit erleben kann.

Tief im Tal, liegt das graue Feld in Tau gehüllt. Sehr langsam und bescheiden erscheint die Sonne am Horizont. Allmählich werden ihre Strahlen heller und in weiter Ferne sehe ich zwei große Elefanten, die noch ganz still und schläfrig um sich schauen, scheu vor den immer greller werdenden Sonnenstrahlen. Allmählich erwacht die Natur. Es tagt um mich hin — die Sonne ist aufgegangen!

Christian Engelbrecht (Form IV)

Wasserball

WASSERBALL IST EIN FASZINIERENDER SPORT. Es ist nicht so eintönig wie Schwimmen und ist viel aufregender als Fußball.

Wasserball ist sehr beliebt in den europäischen Ländern und man wetteifert sogar bei den Olympischen Spielen um die Meisterschaft.

An einem heißen Tag, ist ein Wasserballspiel sehr erfrischend. Eine Mannschaft besteht aus sieben Spielern und jeder Spieler hat eine ganz besondere Funktion. Wenn zwei Mannschaften im Wasser sind, ist es schwierig sie von einander zu unterscheiden, deswegen tragen sie andersfarbige Schwimmkappen.

Ich mag Wasserball und glaube, es ist der beste Sport, den es gibt auf der Welt.

Michal Wronski (Form II)

Le premier bonheur du jour

Le premier bonheur de mon jour est chaque matin quand je me réveille et je vois le soleil blanc qui brille joyeusement dans ma chambre, et j'écoute les oiseaux qui chantent dans les arbres.

Le premier chagrin du jour est quand je vais à la cuisine pour dire «Bonjour» à mon chien mais je ne le vois pas, parce qu'il ne m'attend plus.
Il est mort.

Le dernier bonheur du jour est quand je finis mes devoirs. C'est déjà très tard, mais je suis heureux. Je vais être très triste quand je réalise que je dois aller à l'école le lendemain. Et cette réalisation est le dernier chagrin du jour.

Aiden East (Form IV)

L'Aigle

L'aigle est le roi du ciel
Il plane sur le vent
Il plane au dessus de son royaume
Il cherche sa proie.

Sur la terre, un rat mange
la graine de blé
malgré le danger au-dessus.

L'aigle regarde le rat

et il prépare son attaque.
Avec grande habileté, il prend
le rat. L'aigle rentre à son nid.

L'aigle reste sur la montagne
il surveille son royaume magnifique.

David Steyn (Form IV)

L'éléphant

Il sort de la brousse
très silencieusement
Mais soudainement ...
Il pousse un arbre
Avec une puissante force l'arbre tombe.

C'est le modèle de sagesse

Une mémoire d'éléphant est très bonne
Il se rappelle beaucoup de jours:
Les jours malheureux
Les jours merveilleux
L'arrivée de l'homme blanc
La saison où il ne pleuvait pas

Les innombrables réminiscences
toutes réservées entre deux oreilles battantes
Son royaume sera toujours l'Afrique.

David Smith (Form IV)



Quality School Uniforms



ENVOY

Regd.

Juvenile Clothing Manufacturers
since 1936


Tel (021) 705 3804

Penpoint Stationers & Printers (Pty) Ltd

18 Pretorius Street, Pretoria, 0002 • Telephone: (012) 323 4982 Fax: (012) 323 4992
Building 17B, CSIR Campus • Telephone: (012) 349 1763 Fax: (012) 349 1765
369 Rivonia Boulevard, Rivonia, Sandton • Telephone: (011) 807 6202 Fax: (011) 807 6373

Proud to have served you
for over 50 years

email: penp.pta@mweb.co.za



Maintenance Plumbers

Industrial & Domestic

- Geysers
- Burst Pipes
- Drains
- Taps & Drains

(012) 335 7730, 290 Booysen Street, Les Marais